# Wys my die weg, Here

## WELKOM

Kyk die volgende advertensie saam: **https://youtu.be/1YZ4R1fNYzI?si=oJ75FuZNGHwmEbJQ (https://youtu.be/1YZ4R1fNYzI?si=oJ75FuZNGHwmEbJQ)**. (Google “Last Rolo advert” as die skakel nie beskikbaar is nie).

Gesels saam:

- Het jy dalk iets wat jy nie graag wil deel nie?
- Vertel vir mekaar van ’n keer wat iemand groot vrygewigheid aan jou bewys het.
- Vertel vir mekaar hoe jy al vrygewigheid aan iemand anders bewys het.

## WONDER

Lees Johannes 19:38-42 saam.

Plaas jouself in Josef van Arimatea se skoene.

Jy is ’n ryk man. Jy het gehoor en gesien wat Jesus alles doen. Jy weet Jesus is die Een waarvoor jou mense al baie lank wag. Maar jy is bang om hardop te sê dat jy Jesus volg, want jy kan gevang en in die tronk gegooi word. Of erger ...

Jesus is nou net gekruisig. As ’n Jood weet jy dat julle nou moet spring. Jesus se liggaam moet in ’n graf kom. Die liggaam moet eers met ’n spesiale kruieolie-mengsel behandel word en dan in linnedoeke toegedraai word.

Aangesien jy ryk is, het jy klaar vir jou ’n graf gekoop vir wanneer jy eendag sterf. Dit is ’n goeie graf. Niemand is al voorheen daar begrawe nie. Die graf is naby aan die plek waar Jesus gekruisig is. Dit beteken dat julle vir Jesus betyds (binne 24 uur) daar kan begrawe.

Jou hart klop vinnig. Jou handpalms sweet. Jy weet wat jy moet doen, maar jy is bang.

Jesus het só baie vir mense gedoen. Hy was vrygewig. Hy het water in wyn verander toe die wyn by die bruilof opgeraak het. Hy het vyf brode en twee vissies gevat en ’n groot skare kos gegee – daar het selfs kos oorgebly. As Jesus só vrygewig was, kan jy nou vrygewig wees.

Al is jy bang, gaan jy na Pilatus toe en vra vir hom of jy Jesus se liggaam kan kry. Jesus verdien ’n goeie graf.

Gesels saam:

- Watter eienskappe sien jy in Josef van Arimatea raak?
- Watter van die eienskappe dink julle het hy by Jesus geleer?
- Watter van die eienskappe het jy reeds?

## WEES

Kyk die volgende video van BibleProject: **https://bibleproject.com/explore/video/generosity**

**(https://bibleproject.com/explore/video/generosity)**. (Google “BibleProject Generosity” as die skakel nie beskikbaar is nie.)

Gesels saam:

- Hoe sluit die video oor vrygewigheid by die teksgedeelte aan?
- Hoe beïnvloed die video jou perspektief op vrygewigheid?
- Hoe dink jy sal ’n wêreld lyk waar vrygewigheid oorheers?

## WEGSTUUR

Dink saam aan iets wat julle as groep kan doen om vrygewigheid aan ander te bewys. Tref die nodige reëlings.

---